MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

13 FEBRUARY 2011 (2)

Kerke laat hul profetiese stem hoor - CDP

"Dit is verblydend dat soveel kerke in Suid-Afrika nou hul profetiese roeping uitleef om die regering, en in die besonder vir pres. Jacob Zuma, aan te spreek oor sy uitlatings met 'n godsdiensinslag, soos die jongste dat 'n stem vir die ANC 'n vrypas na die hemel is. Die ANC se verduideliking dat dit metafories is vir hoe die land onder die ANC-bewind lyk, maak 'n bespotting van die Bybelse verwysings na die Hemel." So sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party nadat die Verenigde Gereformeerde Kerk (VGK) die jongste kerk geword het wat Zuma se opmerkings kritiseer. Die VGK het selfs verder gegaan en kiesers gemaan om versigtig te wees om vir die ANC te stem.

"'n Vlugtige ondersoek bring aan die lig dat die NG Kerk, die Gereformeerde Kerke (GKSA), die Hervormde Kerk (NH Kerk) en die AGS / AFM ook reeds afkeurend teenoor Zuma uitsprake gelewer het. Die CDP volstaan daarby dat die Christen ook in die politiek, 'n werktuig van die Here is, en dat dit verkeerd is vir enige persoon om van die Here 'n politieke instrument te maak. In die moderne samelewing met verwarrende blootstelling verlang lidmate duidelik groter leiding van hul kerklike instellings, en dit is verblydend dat die kerke in hierdie opsig nie in hul profetiese roeping faal nie. Dit geld veral waar die staat duidelik buite die sfeer van owerheidsinstellings betrokke is."

"Dit is ook verblydend dat die standpunt-inname nie net omvangryk is nie, maar duidelik nie rasgesentreerd is nie. Die onus is nou op die lidmate om ook in hul hoedanigheid as kiesers, keuses uit te oefen wat in pas is met hul Christelike oortuigings, nie net in hul kerke nie, maar ook in hul lewe soos in hul gesinne, huwelike, werkplek en ...die politiek."

Churches make heard their prophetic words

"It is encouraging that so many churches in South Africa are now giving substance to their prophetic calling by addressing the government, and especially Pres. Jacob Zuma on his most recent remarks, that a vote for the ANC is rewarded by a ticket to heaven. The ANC's explanation that it was a metaphoric reference to the country under ANC rule, makes a mockery of Biblical references to what Heaven is like." So says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP) after the United Reformed Church (VGK) also criticized Zuma, and called on voters to be very careful when voting for the ANC.

"A quick investigation reveals that the Dutch Reformed Church (NG), the Reformed Church (GKSA), the NH Kerk and the AFM / AGS have all expressed their opposition to Zuma's remarks."

"The CDP is fully committed to its stance that a Christian, also in politics, is an instrument of the Lord, and it is wrong to make the Lord anyone's political tool. In modern society where people are exposed to so much conflicting information, church members have a need for their Leaders to be firm in guiding, and encouraging the churches not to fail in being a prophetic voice to the nation. This is especially true when the state clearly operates in the domain of other institutions, which includes that of the church."

"It is also encouraging that taking a stance, is not only wide spread, but is clearly not racially divided.
"The onus is now on church members, as voters, to make choices that are in line with their Christian faith, not only in church but in every aspect of their lives such as in their families, marriages, workplaces …and politics."